

6 Maart

Skrifgedeelte: 2 Samuel 2:1-11

Fokusgedeelte: 2 Samuel 2:1

Raadpleeg God!

Saul se doodstydung het Dawid bereik toe hy waarskynlik 'n vlugteling in Siklag was. In Dawid se lewe breek 'n nuwe tydperk aan. Ná Saul se dood lê dié vlugteling se koningskap voor hom. Wat 'n verantwoordelike en grootste taak wag daar nie op hom nie! Hoe lyk sy pad vorentoe? Wat moet hy nou doen? Hoe sal hy dit aanpak? Voordat Dawid een tree verder gee, raadpleeg hy eers die Here (2:1). Hy word eers stil voor God. Hy gaan na die Here toe – sý God wat hom geroep het om van nou af koning te wees, sý God wat hom geroep het vir sy belangrike taak, sý God wie se Gees op hom is. Ook by 'n vorige geleentheid het Dawid die Here geraadpleeg (1 Sam 30:8). Die Psalms wat Dawid gedig het, is vol daarvan: Hy gaan keer op keer na God toe – met sy vreugdes en hartseer, met sy probleme en vrae. Hy toon sy algehele afhanklikheid van God. Hy besef: Sonder God kan ek niks doen nie (Joh 15:5). En elke keer – soos hier waar hy die koningskap by Saul moet oorneem – wys die Here vir hom wat hy moet doen.

Vandag moet jy moontlik – soos baie dae in jou lewe – belangrike besluite neem. Kruispadbesluite. Besluite met ingrypende implikasies. Besluite wat jou lewe – en moontlik ander mense se lewe – radikaal kan verander. Hierin moet jy ook jou volkome afhanklikheid van God en sy leiding besef. Voordat jy vandag instap, raadpleeg eers die Here – selfs in die mees gewone dinge. Vra vir Hom leiding deur sy Heilige Gees en in sy Woord. Worstel dit met God in die gebed uit. Jy sál verseker 'n antwoord kry – nie altyd die antwoord wat jy graag sou wou hê nie, maar dit sal elke keer die regte antwoord, die beste antwoord wees. God maak nooit 'n fout nie. Christus het ook voor sy kruisiging in Getsemane met sý Vader in die gebed geworstel. God sal jou verseker deur sy Heilige Gees wysheid en koers gee. Jy is sy kind. Hy sal vir jou net die beste beskik – ook vir vandag.

Sing: Psalm 90:1 (2001)

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)